# Kareeberg Munisipaliteit

**07-2020 KWOTASIES: AANRY VAN WATER - VANWYKSVLEI**

Skriftelike kwotasies word hiermee ingewag vir die aanry van water vanaf 'n tappunt te Alkantpan, Copperton. Copperton is ±75 km grondpad vanaf Vanwyksvlei. Kwoteerders moet die voertuig se inhoudsmaat aandui en die koste per vrag.

Akkommodasie en onderhoudskostes is die kwoteerder se verantwoordelikheid. 'n Aanduiding moet voorts gegee word hoeveel vragte per dag aangery sal word, naweke ingesluit.

**Die bewys van registrasie by die Sentrale Verskaffer Databasis moet aangeheg wees. Kwotasies sal verwerp word indien die voorgeskrewe verklaring van belange vorm (MBD 4) nie aangeheg is nie. Die ingevulde vorms MDB 6.1, MBD 8 en MBD 9 moet ook aangeheg wees met bewyse dat geen gelde aan 'n munisipaliteit verskuldig is nie, ten opsigte van dienste en eiendomsbelasting. In geval van 'n maatskappy moet die direkteure se rekenings aangeheg word. Pryse en punte word in aggeneem met beoordeling van kwotasies.**

Verseëlde kwotasies gemerk "**KWOTASIE: AANRY VAN WATER - Vanwyksvlei** " moet die ondergetekende voor of op **Woensdag, 22 Januarie 2020** om **12:00** bereik, waarna dit in die openbaar oopgemaak sal word.

Die Munisipaliteit verbind hom nie om die laagste of enige kwotasie te aanvaar nie, en behou die reg voor om enige kwotasie as geheel of gedeeltelik te aanvaar.

**MNR. M F MANUEL**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

Posbus 10
Carnarvon
8925

Tel. 053-3823012

14 Januarie 2020

L8.2.1

Webtuiste: www.kareeberg.co.za